

## JUDAS 1 – 25

- 1     *Van Judas, 'n dienaar van Jesus Christus en 'n broer van Jakobus. Aan dié vir wie God die Vader geroep het, wat Hy liefhet en deur Jesus Christus bewaar.*
- 2     *Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word!*

1. **LEES VERS 1 EN 2.** Hoe word die mense aan wie geskryf word, aangespreek/na verwys? Gel.....; Ger.....;     Ges.....;     Bew.....
2. **LEES VERS 3. BESPREEK:** Waaroor sou Judas eers skryf, en waaroor gaan hy nou skryf? HOEKOM (v4).
3. Watter 2 groepe mense is daar in hierdie gemeente?
4. **DEEL MET MEKAAR** (uit verse 6 – 19): wat is die dinge wat goddelose mense (binne die gemeente) doen.
5. **LEES VERS 20 - 21 EN DEEL MET MEKAAR:** Hoe sien die geliefdes (ware Christene) se lewens daaruit? Waarop moet hulle hulle toespits?     Bo.....; Bi.....; Bl.....: Ba...
6. **LEES VERSE 22 - 23 EN BESPREEK:** Hoe moet die geliefdes optree teenoor dié wat twyfel? Teenoor die goddeloses?
7. **LEES VERSE 24 - 25:** Watter beloftes/bemoedigingswoorde kry Geliefdes in hierdie gedeelte, wat eintlik 'n LOFPRYSING TOT GOD is?
8. **BID SAAM.** Bid die woorde van vers 24 – 25 tot eer van die Here.

- 24     *Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar  
en julle onbevlek en met vreugde sy heerlikheid te laat  
aanskou,*
- 25     *aan die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus  
ons Here, aan Hom behoort die heerlikheid en die  
majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook  
nou en tot in alle ewigheid! Amen.*

